



# GEDRAGSKODE VIR LEERDERS VAN HOËRSKOOL MONTANA

## 1. INLEIDING

Reeds vanaf sy eerste bestaansjaar lewer die *Hoërskool Montana* jaarliks jong volwassenes wat hul plek in die samelewing volstaan. Nie net is hierdie jongmense akademies toegerus nie, maar ook emosioneel en sosiaal aangepas om die uitdagings van die buitewêreld met durf en waagmoed aan te pak.

Die gemeenskap en onderwyspersoneel verwag dat 'n leerder van *Hoërskool Montana* netjies, goed gemanierd, beleefd, stiptelik, getrou en eerlik sal wees. *Hoërskool Montana* sal dus sy visie van 'n "**Skool Waar Elke Kind Belangrik is**" nakom en steeds met trots leerders oplei om hul roeping te vervul met die wete "Ons strewe na uitnemendheid". Aangesien die Beheerliggaam wetlik verplig is om 'n gedragkode vir *Hoërskool Montana* op te stel en aangesien die Beheerliggaam begerig is om die regte van alle leerders, ouers en opvoeders binne skoolverband te beskerm, is hierdie gedragkode deur die Beheerliggaam, na raadpleging met die belanghebbende rolspelers aanvaar. Die gedragkode is onderhewig aan die Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika 1996 (Wet 108 van 1996), die SA Skolewet, 1996 (Wet 84 van 1996), die Wet op Skoolonderwys 1997 (Wet 12 van 1997) vir die Provinsie Wes-Kaap en regulasies daarkragtens uitgevaardig.

## 2. DOEL VAN DIE GEDRAGSKODE

**Die leerders en hul ouers asook opvoeders van *Hoërskool Montana*, verbind hul tot die volgende beginsels en waardes waarop die Kode berus:**

- Christelike waardes
- Integriteit
- Selfdisipline
- Eerlikheid
- Respek
- Lojaliteit
- Omgee
- Trots

**Die leerders en hul ouers asook opvoeders van *Hoërskool Montana*, verbind hul tot die volgende oogmerke waarop die Kode berus:**

- Effektiewe onderrig deur die skep van 'n positiewe leerkultuur.
- Om wedersydse respek en verdraagsaamheid te ontwikkel en te bevorder – binne die skool, tussen personeel en die ouergemeenskap.
- Die vestiging van 'n veilige leeromgewing wat die nodige sekuriteit teen enige vorm van ontwrigting bied.
- Om dissipline en orde binne die skool te bevorder en sodoende effektiewe onderrig te laat plaasvind.
- Dissiplinêre optrede sal deurgaans billik en konsekwent toegepas word. Dit sal primêr op remediêrende en korrektiewe optrede eerder as straf gerig wees.
- Die leerder in geheel te ontwikkel en tot volwassenheid te begelei.

Die gedragkode maak voorsiening vir die regte van die individu, maar neem ook die regte van die groep in ag. Ons erken dat die leerders (individue) hulle op die volgende regte kan beroep:

- Demokratiese prosesse
- Nie-diskriminasie en gelykheid
- Privaatheid, respek en waardigheid
- Nie-geweld en sekuriteit/veiligheid van persoon
- Vryheid van uitdrukking met respek
- Veilige skoolomgewing
- Onderwys

Optrede is altyd in die beste belang van die leerder, in elke aangeleentheid wat 'n kind raak. (Grondwet art. 28(2)).

Geeneen van hierdie regte is egter "absoluut" nie, maar word beperk deur die regte van ander individue en van die groep.

Regte word beperk deur die voorwaarde dat dit redelikerwys uitvoerbaar moet wees. (Grondwet art. 29(2))

Regte kan beperk word deur 'n ander regsreël (Grondwet art. 16)

### **3. GEDRAGSKODES DEUR LEERDERS ONDERSKRYF**

Art.8 (1) (a) vereis dat alle **leerders verplig word om te voldoen aan die vereistes** van die gedragkode van die skool wat hulle bywoon.

Ons, die Leerders, besef dat onderlinge samewerking tussen ons en die ander persone wat by ons opvoeding en onderwys betrokke is, alleenlik suksesvol kan wees as alle partye ooreenkom oor die nastrewing van waardes en beginsels. Die waardes wat deur die leerders van die skool nagestreef word, word vergestalt in die erekodes wat hieronder uiteengesit word:

## **EREKODES**

### **3.1 Menseregte**

Ek is daarvan bewus dat ek oor sekere regte beskik in terme van die Grondwet en dat ander mense soortgelyke regte het. Ek respekteer hierdie regte. Ek erken veral die menswaardigheid en gelykheid van alle mense en onderneem om my regte so uit te oefen dat ander mense nie deur my optrede benadeel word nie.

#### **3.1.1 Respek vir my opvoeders**

Ek sal met agting en respek teenoor opvoeders optree. Ek erken dat hulle opleiding en ervaring die leerders tot voordeel kan strek. Daarom onderneem ek om my volle samewerking aan opvoeders te gee en altyd hoflik teenoor hulle op te tree.

#### **3.1.2 Respek vir nie-onderwyspersoneel en besoekers**

Ek sal met agting en respek teenoor administratiewe personeel, terreinwerkers en besoekers aan die skool optree.

#### **3.1.3 Respek vir mede-leerders**

Ek sal met agting en respek teenoor mede-leerders optree.

### **3.1.4 Erkenning van multikulturaliteit en andersheid**

Ek openbaar selfrespek, asook respek vir mede-leerders as individue met soortgelyke en/of ander ideale en doelwitte. Ek respekteer mense se andersheid en sal nie so optree dat ek ander se menswaardigheid aantast nie.

### **3.1.5 Respek vir die omgewing en skoolfasiliteite**

Die natuurlike omgewing is 'n gawe van God. Ek waardeer die terrein, skoolgeboue, klaskamerinhoud en ander fisiese geriewe wat vir ons gebruik beskikbaar gestel word.

Ek onderneem om op 'n verantwoordelike wyse daarvan gebruik te maak, 'n bydrae tot die instandhouding daarvan te lewer, asook om my ouers aan te moedig om hul finansiële verpligtinge na te kom ten einde die terrein en geboue in stand te hou en te verbeter.

## **3.2 Skoolfunksionering**

Ek aanvaar die gesag van die persone in beheer van karaktervorming, orde en dissipline in die skool en sal my aan toepaslike strawwe onderwerp indien ek die reëls oortree.

Ek onderneem om die tydrooster van die skool te eerbiedig deur stiptelik teenwoordig te wees by die aanvang en verdaging van die skooldag, elke periode, asook buitemuurse aktiwiteite waarby ek betrokke is.

Ek lê my neer by die skool se reëls vir leerdergedrag.

Ek sal die skool se reëls ten opsigte van voorkoms en kleredrag nougeset nakom. My skooldrag en skoolsportdrag is my trots.

Ek sal, uit respek en ter wille van my eie en ander se veiligheid, klaskamerreëls eerbiedig, asook gebruiksvorskrifte vir laboratoria, werkswinkels en ander lokale nakom.

Ek sal betrokke wees by klaskameraktiwiteite deur my aandag en energie op die leerproses toe te spits.

Ek sal pligsgetrou vir assesseringsgeleenthede voorberei. Ek sal te alle tye eerlik wees tydens evaluering en ook oneerlikheid van ander aan die lig bring.

## **3.3 Buitemuurse aktiwiteite**

Ek besef die vormingswaarde van sport, kulturele aktiwiteite, akademiese en sosiale uitstappies en sal as 'n aktiewe deelnemer en lojale ondersteuner betrokke wees. Ek besef die belangrikheid van 'n netjiese voorkoms en sal toepaslike kleredrag dra.

Ek aanvaar dat skoolreëls ter wille van veiligheid, respek, goeie orde en die skool se goeie naam ook geld by enige amptelike opvoedkundige, kulturele, ontspanning- of sosiale aktiwiteit van die skool *op of buite* die skool se perseel. Dieselfde geld vir waar en wanneer ek ookal my skooldrag of skoolsportdrag dra. Ek sal meewerk om my skool se etos te bewaar en te versterk.

## 4. REËLS EN REËLINGS

### 4.1 Doel van reëls en reëlings

Reëls en reëlings word opgestel om die *waardes* vervat in die kodes te laat realiseer en het dus ten doel om:

- *Aanvaarbare versus onaanvaarbare* gedrag uit te spel.
- 'n *Positiewe leeromgewing* te skep en in stand te hou.
- *Opvoedkundige doelwitte* te bevorder.

Skoolreëls en –reëlings moet aanvaarbare en onaanvaarbare gedrag uitspel om leerders te beveilig, orde te handhaaf, misverstande uit die weg te ruim en konsekwent te straf.

***Onaanvaarbare gedrag is gedrag van 'n leerder wat 'n oortreding van een of meer van die reëls, vervat in die gedragskode, behels. Dit is dan die soort gedrag wat 'n negatiewe invloed het op die leerder self of op ander leerders. Hierdie soort gedrag werk steurend in op die leeromgewing en die nastrewing van opvoedkundige doelwitte. Onaanvaarbare gedrag word direk gekoppel aan strafmaatreëls.***

### 4.2 Die reëls en reëlings

#### 1. DIE SKOOL SE VISIE, MISSIE EN STREWE MOET NAGEKOM WORD

- 1.1 Geen leerder mag hom/haar skuldig maak aan swak gedrag wat die goeie naam en tradisie van die Hoërskool Montana oneer aandoen nie. Dit geld vir enige amptelike opvoedkundige, kulturele, ontspanning- of sosiale aktiwiteit van die skool *op of buite* die skool se perseel, asook waar en wanneer hy/sy ookal skooldrag of skoolsportdrag dra.
- 1.2 Geen leerder mag inbreuk maak op die regte en pligte van 'n leerder, personeellid of enige werker by die skool nie.
- 1.3 Elke leerder moet elke redelike opdrag wat uit hoofde van hulle ampspligte deur 'n opvoeder of die skoolhoof aan hom/haar gegee word, stiptelik nakom.
- 1.4 Leerders mag hul nie skuldig maak aan oneerlikheid nie.

#### 2. 'n LEERLING VAN DIE SKOOL MOET DIE VOLLE SKOOLPROGRAM BYWOON (AANWESIGHEIDSBELEID)

- 2.1 'n Leerder moet die skool tydens die vasgestelde skoolure stiptelik bywoon. Leerders moet meedoen aan al die voorgeskrewe opvoedingsprogramme, waaronder ook LO-prakties, saalbyeenkomste en dies meer. Slegs die skoolhoof mag in uitsonderlike gevalle vrystelling verleen.
- 2.2 'n Klasregister word elke oggend voltooi; en 'n Periode-register word elke periode deur elke vakonderwyser voltooi.
- 2.3 'n Ouer moet die skool telefonies op die eerste oggend van afwesigheid, sowel as skriftelik op die eerste oggend na afwesigheid, inlig – met 'n geldige verskoning.
- 2.4 Gedurende eksamentye word 'n doktersertifikaat vir afwesigheid vereis.
- 2.5 Geen leerder mag afwesig wees vir “tuisstudie” tydens of na afloop van eksamens nie. Leerders moet aanwesig wees tot op die laaste dag van elke kwartaal. Slegs Gr. 12's het die vergunning en dan slegs met die eindeksamen – te wete 5 dae voor die eindeksamen, asook op nie-skryfdae en na sy/haar laaste vak.

- 2.6 Afwesigheid van skool of klas sonder verskoning of met 'n ongeldige verskoning, sal deur die registeronderwyser met die ouers opgevolg word en lei tot skooldiens.
- 2.7 'n Leerder wat na die amptelike aanvangstyd by die skool opdaag, moet eers persoonlik by die sekretaresse aanmeld, voordat hy/sy by klasse aansluit. Laatkom lei tot 'n geelkaart.
- 2.8 Indien 'n leerder 'n onvermydelike afspraak in skoolure het, moet die versoekbrief reeds die vorige dag vir toestemming by die skoolhoof ingehandig word.
- 2.9 'n Leerder wat die skoolterrein voor die amptelike sluittyd wil verlaat, moet hy/sy eers persoonlik by die skoolhoof of sy gemagtigde verlof kry; en daarna 'n uittekenvorm deur alle onderwysers by wie hys/sy die res van die dag klas sou hê, laat onderteken.
- 2.10 Leerders wat afwesig was, is self verantwoordelik vir die inhaal van agterstallige werk. Onderwysers kan genader word vir ondersteuning.
- 2.11 Leerders wat vir 10 opeenvolgende dae sonder 'n geldige verskoning afwesig is, se naam sal van die klasregister verwyder word. So 'n leerder se ouer(s) moet dan weer aansoek om toelating tot die skool doen.

### 3. SKOOLROETINE MOET ORDELIK VERLOOP

- 3.1 Administratiewe take – soos die terugbring van afskeurstrokies - moet getrou en stiptelik gedoen word. In die reël moet briewe wat op die Vrydag uitgaan se afskeurstrokies weer die Maandag terug wees.
- 3.2 Leerders gebruik die aangewese uitgange en roetes. Leerders mag die hoofingang slegs met toestemming gebruik.
- 3.3 Leerders mag nie draal as die klok gelui het nie en vinnig na die rye beweeg.
- 3.4 Wanneer leerders van klas verwissel, moet hulle ordelik aan die linkerkant van die gange langs die kortste roete beweeg. Leerders mag nie oor die aantreeblad wissel nie.
- 3.5 Tydens klaswisseling mag leerders nie die kleedkamers gebruik sonder die verlof van 'n onderwyser nie.
- 3.6 Leerders mag nie gedurende periodes die klas verlaat sonder 'n toestemmingsbriefie van die onderwyser nie – in die reël word leerders dus nie gedurende die eerste periode, asook die periode direk na pouses, vir toiletbesoek verskoon nie.
- 3.7 Voor skool, gedurende pouses en na skool mag geen leerder of boeketas sonder toestemming van die hoof of betrokke personeel in 'n klaskamer of die saal wees nie. Tasse word soggens in die rye geplaas - en nie in die gange nie.
- 3.8 Op reëndae sal spesiale maatreëls getref word i.v.m. bewegings en skuiling van leerders.
- 3.9 Gesels met die in- en uitstap by die saal, asook tydens saalbyeenkomste en met besoeke deur sprekers, word verbied.
- 3.10 Die gooi/skop/slaan van balle op só 'n wyse dat dit ander leerders kan tref/beseer, is ontoelaatbaar.
- 3.11 Die volgende plekke is buite perke: busstoor, trekkerstoor, parkeerareas, die terrein voor die skool aan die kultuursentrum se kant en Kluestraat, die hokkie- en rugbyvelde en –pawiljoen en die gebied langs die kante en agter die sportsentrum.
- 3.12 Junior en senior meisies mag nie mekaar se kleedkamers gebruik nie.
- 3.13 Leerders mag nie in die kleedkamers kuier/huiswerk doen nie.
- 3.14 Leerders mag nie op vullisdromme sit nie.
- 3.15 Fisieke kontak, asook op mekaar se skote sit/lê word nie toegelaat nie.
- 3.16 Leerders mag nie pouses op die speelterrein lê nie.
- 3.17 Leerders mag nie op mekaar gil en skree nie.
- 3.18 Huiswerk moet getrou gedoen word. Versuim om huiswerk te doen word deur 'n akademiese versuim-stelsel hanteer, wat impliseer dat leerders **dieselfde dag** na skool bly om die agterstallige werk te voltooi. Die ouers sal d.m.v. 'n sms daarvan ingelig word.

#### 4. KLASKAMERREëLS MOET NAGEKOM WORD – ook gedurende admin-periodes

- 4.1 Leerders **betree** die **klas** slegs as onderwyser **toestemming**/opdrag gee.
- 4.2 Indien die onderwyser nie daar is nie, tree die leerders **stil in rye** buite die klas aan.
- 4.3 Nadat die leerders ingestap het, bly hulle **stil en bly staan** en tot die onderwyser hulle groet en opdrag gee om te sit.
- 4.4 Leerders **groet** die onderwyser ordentlik terug, gaan sit en haal dadelik **skryfbehoeftes uit**.
- 4.5 Leerders mag **geensins uit** die **bank** wees – dus rondloop in klas - sonder toestemming nie.
- 4.6 Leerders mag **nie bo-op** die bank sit nie.
- 4.7 Leerders mag **nie op** die **bord skryf** sonder die onderwyser se opdrag nie.
- 4.8 Leerders mag **nie by die onderwyser** se **tafel** of **kaste** wees, sonder dat hy/sy daartoe versoek is of toestemming gevra het nie.
- 4.9 Leerders mag **nie skryf op** die **mure, aansteekborde, plakkate of banke** nie.
- 4.10 Leerders mag **nie papiere/rommel onder banke laat** nie.
- 4.11 Die skryf van **briefies** en die **aanstuur/rondgooi** daarvan en ander **artikels** is **verbode**.
- 4.12 Leerders mag **nie gesels terwyl die onderwyser** of **'n mede-leerder aan die woord** is nie.
- 4.13 Leerders mag **nie** die **opvoeder** en **leerders van hul reg tot onderrig en leer ontnem** nie.
- 4.14 Leerders mag **nie** gedurende onderrig **op** hul **arms lê** nie.
- 4.15 Daar mag **nie ander vakke se werk** in die betrokke periode gedoen word nie. Indien werk afgehandel is, moet die leerder sy storieboek lees.
- 4.16 Leerders mag **geensins** iets **in die klas kou/eet** nie.
- 4.17 'n **Selfoon** mag **nie gesien, gebruik of aangeskakel** wees nie, ook nie tydens klaswisseling nie.
- 4.18 Wanneer 'n **onderwyser** of ander **volwassene** die **klas betree**, moet leerders **opstaan** en beleefd **teruggroet**.
- 4.19 Met die afgaan van die interkom moet absolute stilte heers en mag leerders nie hulle boeke wegpak of opstaan nie.
- 4.20 Leerders moet aan die einde van die periode hul **huiswerk** in 'n huiswerkboek **aanteken**.
- 4.21 Aan die **einde** van die **periode** moet leerders **na wegpak eers stil sit** en **bly** sodat die opvoeder kan groet.
- 4.22 Leerders **groet** die onderwyser weer ordentlik **terug**.
- 4.23 Leerders mag **nie opstaan en uitstap voordat** die onderwyser hulle daartoe **versoek** het nie.
- 4.24 **Meisies verlaat** die **klas voor** die **seuns**.
- 4.25 Tydens wisseling beweeg die leerders netjies en stil **agter mekaar in rye**.

#### 5. SKOOL- EN PRIVAATEIENDOM MOET MET SORG HANTEER WORD

- 5.1 Geen leerder mag 'n mede-leerder, personeellid of werker by die skool, se liggaamlike, geestelike of sielkundige welsyn benadeel of in gevaar stel nie.
- 5.2 Geen vandalisme/beskadiging, ontsiering of besoeiding van eiendom mag plaasvind nie. Die koste vir vervanging van beskadigde/ gebreekte eiendom sal van die oortreder verhaal word.
- 5.3 Leerders mag nie rommel strooi nie.
- 5.4 Grafitti op skool-eiendom is ontoelaatbaar.
- 5.5 Departementele handboeke bly die eiendom van die skool en moet aan die skool terugbesorg word voordat 'n leerder 'n graad geslaag het of die skool verlaat. Verlore departementele handboeke moet teen markwaarde deur oortreder vervang word.
- 5.6 Handboeke en skryfboeke moet volgens jaarlikse voorskrifte, teen 'n sperdatum oorgetrek word. Leerders sal 5 dae gegun word om enige boeke wat gedurende die jaar bygevoeg word oor te trek.
- 5.7 In handboeke mag slegs potloodmerke, wat uitgevee kan word, gemaak word.
- 5.8 Geen leerder mag ander persone se besittings sonder verlof neem, gebruik of daarin krap nie.

- 5.9 Geen toerusting van die skool mag sonder verlof van 'n personeelid deur 'n leerder gebruik of verskuif word nie.
- 5.10 Kougom op die skoolperseel, sowel as by sport en skoolfunksies, is verbode.
- 5.11 Leerders moet self verantwoordelikheid neem vir die veiligheid van hul toerusting. Alhoewel die skool poog om leerders se besittings te beveilig, aanvaar die skool geen verantwoordelikheid vir die wegraak van leerders se besittings nie.
- 5.12 Sport- en/of ander persoonlike besittings mag nie in die ontvangsgedeelte gebêre word nie. Leerders moet ander reëlings tref of dit by hul hou.
- 5.13 Hand- en skryfboeke mag nie in die klas onder banke gelaat word nie.
- 5.14 T.o.v. die gebruik van oudio-visuele apparaat geld die volgende:  
**(AUDIO-VISUELE APPARAAT-BELEID):**
- Leerders word ontmoedig om oudio-visuele apparaat (bv. Mp3, Ipod) en selfone skool toe te bring.
  - Leerders doen dit op eie risiko.
  - Dit mag GEENSINS aan wees, sigbaar wees of gebruik word **tydens en tussen periodes** nie.
  - Dit mag voor skool, pouses, en na skool gebruik word, maar dan met oorfone sodat ander persone dit nie kan hoor nie.
  - Dit mag nie in die leerder se besit wees in 'n toets-/eksamenlokaal nie.
  - Oortreders se selfone/apparaat sal met die simkaart in, gekonfiskeer word en in die kluis vir 2 maande bewaar word. Geen onderhandeling sal daarvoor gevoer word nie.
  - Indien die toerusting vir opvoedkundige doeleindes gebruik word - byvoorbeeld vir 'n mondeling - moet vooraf toestemming by die betrokke vakonderwyser verkry word; moet die toerusting by die sekretaresse in die kluis bewaar word en net vir die spesifieke doel gaan haal en gebruik word.

## 6. DIE SEKURITEIT EN VEILIGHEID VAN SELF, ANDER EN DIE SKOOL MOET GEHANDHAAF WORD

- 6.1 Geen leerder mag 'n **gevaarlike voorwerp** (soos gedefinieer in die Onderwyswet en wat neerkom op enige springstof, toestel, mes, wapen of voorwerp wat gebruik kan word om 'n persoon liggaamlike leed aan te doen of eiendom te beskadig) in sy besit hê of gebruik tydens skoolure of by enige amptelike opvoedkundige, kulturele, ontspanning- of sosiale aktiwiteit van die skool *op of buite* die skool se perseel nie. Dieselfde geld vir waar en wanneer die leerder ookal skooldrag of skoolsportradra.
- 6.2 Geen leerder mag onder die invloed van **alkohol** of enige **onwettige dwelmmiddels** (soos gedefinieer in die Onderwyswet en wat neerkom op enige stof wat 'n sielkundige of fisiologiese uitwerking het) wees of dit in sy/haar besit hê tydens skoolure of by enige amptelike opvoedkundige, kulturele, ontspanning- of sosiale aktiwiteit van die skool *op of buite* die skool se perseel. Dieselfde geld vir e-sigarete en ook waar en wanneer die leerder ookal skooldrag of skoolsportradra.
- 6.3 Geen leerder mag **sigarette/tabakprodukte/aanstekers/vuurhoutjies** gebruik of in sy/haar besit hê tydens skoolure of by enige amptelike opvoedkundige, kulturele, ontspanning- of sosiale aktiwiteit van die skool *op of buite* die skool se perseel nie. Dieselfde geld vir waar en wanneer die leerder ookal skooldrag of skoolsportradra.
- 6.4 Leerders mag hul **motors** by die Kultuursentrum-ingang in- en uitry, maar nie verder op die skoolterrein ry as die aangewese parkeerarea teen Kluestraat nie. Hierdie reëling geld slegs vir leerders wat vooraf toestemming verkry het en 'n afskrif van hul bestuurslisensie ingehandig het.
- 6.5 **Motorfiets-** en **fietsryers** mag van enige motoringang gebruik maak, maar mag nie tussen die motors deur vleg of **vinnig** ry op die skoolterrein nie.
- 6.6 **Motorfietse en fietse mag slegs op die aangewese terrein parkeer word.**

- 6.7 Leerders wat aangedui het dat hulle vir 'n betrokke rit van **skoolvervoer** gebruik gaan maak, se naam word op 'n amptelike buslys geplaas. Sodanige leerder moet vooraf die toesighoudende onderwyser inlig indien sy/haar vervoerreëlins verander.
- 6.8 **Gevaarlike spele, bakleiery** of enige optrede waardeur iemand beseer kan word, is verbode.
- 6.7 Leerders mag hulle nie skuldig maak aan **ontwrigtende gedrag, arrogansie, dreigemente of opstokery** nie.
- 6.8 Geen vorm van **rassisme of haatspraak** word toegelaat nie.
- 6.9 Leerders mag nie **vloektaal** gebruik nie.
- 6.10 Leerders mag hulle nie aan **naamskending** skuldig maak nie.
- 6.11 Leerders mag hul nie skuldig maak aan enige vorm van **oneerlikheid / diefstal / korrupsie** nie.
- 6.12 Leerders mag nie deel hê aan enige vorm van **pornografie of seksuele teistering** nie.
- 6.13 Leerders mag nie betrokke wees by **bendeaktiwiteite of smokkelhandel** nie.
- 6.14 Leerders mag geen vorm van **Satanisme** beoefen nie.
- 6.15 Leerders mag hul nie skuldig maak aan enige **kriminele / strafregterlike oortreding** nie.

## 7 DIE VOORKOMS VAN LEERDERS MOET ALTYD GEPAS WEES

Trots en selfrespek word onder andere deur 'n mens se voorkoms bepaal en om hierdie rede word gepoog om deur eenvormigheid daartoe by te dra. Slegs die voorgeskrewe skooldrag is toelaatbaar. Sportbaadjies, privaat-serpe, -musse/-pette, -skoene vorm nie deel van die skooldrag nie en mag daarom nie met skoolklere gemeng word nie.

**Verskaffer van skool- en sportdrag:** De Jagers – 023 342 1177

### 7.1. SKOOLDRAG VIR SEUNS (By De Jagers beskikbaar)

#### **SOMER (Eerste, tweede en vierde kwartaal)**

- Wit kortmou oopslaankraag-hemp
- Wanneer 'n langmou-dashemp gedra word, moet 'n das saam gedra word.
- Kakie skoollang- of kortbroek
- Kakie skoolkouse (verkrygbaar by die skool)
- Swart, gladde leer toerygskoene – nie stewels of skoene met gespes en gekleurde stiksels nie.
- Montana-oortrektrui (“pull over”)
- Die skoolbaadjie word Maandae met saalopening gedra of op koeler dae

#### **WINTER (Einde van tweede kwartaal en derde kwartaal)**

- Wit langmou-dashemp.
- Skooldas
- Kakie langbroek
- Kakie skoolkouse. (verkrygbaar by die skool)
- Swart, gladde leer toerygskoene - nie stewels of skoene met gespes en gekleurde stiksels nie
- Skoolbaadjie (*blazer*) – elke dag
- Montana-oortrektrui word onder die skoolbaadjie in die winter toegelaat



- Montana-langmoutrui is opsioneel onder die skoolbaadjie en mag nie alleen gedra word nie

## 7.2. SKOOLDRAG VIR DOGTERS (By De Jagers beskikbaar)

### SOMER (Eerste, tweede en vierde kwartaal)

- Kakie-skoolromp OF Kakie langbroek
- Wit kortmou oopslaankraag-hemp
- Wanneer 'n langmou-dashemp gedra word, moet 'n das saam gedra word
- Wit enkelsokkies indien die skoolromp gedra word
- Kakie sokkies indien die langbroek gedra word
- Swart gladde leer toerygskoene of skoolskoene met bandjie.
- Linte: Wit, navy of geel en Haarknippies: dieselfde kleur as haarkleur
- Kopbande: Navy en plein sonder patroontjies en kant – nie wyer as 3 cm nie
- Montana-oortrektrui (“pull over”)
- Die skoolbaadjie word Maandae met saalopening gedra of op koeler dae

### WINTER (Einde van tweede kwartaal en derde kwartaal)

- Kakie-skoolromp OF Kakie langbroek.
- Wit langmou-dashemp.
- Skooldas.
- Lang swart kouse indien die skoolromp gedra word.
- Kakie sokkies indien die langbroek gedra word.
- Swart gladde leer toerygskoene of skoolskoene met bandjie.
- Linte: Wit, navy of geel en Haarknippies: dieselfde kleur as haarkleur.
- Kopbande: Navy en plein sonder patroontjies en kant – nie wyer as 3 cm nie.
- Skoolbaadjie (*blazer*) – elke dag.
- Montana-oortrektrui word onder die skoolbaadjie in die winter toegelaat.
- Montana-langmoutrui is opsioneel onder die skoolbaadjie en mag nie alleen gedra word nie.

## 7.3. SKOOLTASSE

- Die voorgeskrewe skooltas en rugsakke is by die verskaffer beskikbaar.
- Skooltas moet stewig wees om boeke te beskerm. 'n Tas moet op sy eie kan staan wanneer dit leeg is en moet verkieslik afskortings vir die boeke hê.
- Slegs die leerder se naam mag op buitekant van die tas aangebring word (5 x 10 cm)
- Geen motiewe, graffiti en aanhangsels word toegelaat nie

## 7.4. DRAG VIR LIGGAAMLIKE OPVOEDING (Praktiese komponent van Lewensoriëntering)

- LO-broekie
- Fietsry- of donkerblou ski-broeke slegs onder LO-broekie
- Montana-sporthemp
- Sportskoene en kort wit, sokkies (opsioneel)
- Skoolsweetpak (opsioneel)

## 7.5. DRAG VIR SPORT

## **ALLE SPORTSOORTE**

- Koningsblou kortbroek of LO-broekie indien dit so voorgeskryf word
- Skoolsportsak
- Volledige skoolsweetpak vir dogtersportsoorte, tydens wegbyeenkomste
- Montana-sporthemp
- Kort donkerblou fietsry- of ski-broeke onder rompie en kortbroek – opsioneel
- Slegs sport-onderklere is aanvaarbaar
- Slegs sportskoene mag saam met sportdrag gedra word – geen plakkies, pantoffels, ens. nie.
- Skooldrag en sportdrag mag nie gemeng word nie

## **ATLETIEK**

- Koningsblou kortbroekie (“poly shorts”)
- Atletiekfrokke vir seuns en meisies

## **TENNIS**

- Montana-sporthemp vir die seuns
- LO-broekie vir die seuns
- Moulose Montana-hempie vir die dogters
- Koningsblou rompie vir die dogters
- Kort, wit sokkies

## **KRIEKET**

- Montana-sporthemp vir al die spanne behalwe die eerste span
- Wit langbroek
- Verkieslik, oorwegend wit skoene
- Wit kouse/sokkies

## **RUGBY**

- Skool-rugbytrui
- Koningsblou rugbybroek
- Skool-rugbykouse
- Rugbystewels

## **HOKKIE (DOGTERS)**

- Moulose Montana-hemp
- Koningsblou hokkieromp
- Skool-hokkiekouse (koningsblou en geel strepe)
- Hokkieskoene

## **HOKKIE (SEUNS)**

- Montana-hemp met moue
- Koningsblou LO-broekie
- Skool-rugbykouse
- Hokkieskoene

## **NETBAL**

- Moulose Montana-hemp
- Koningsblou netbalromp
- Sportskoene

- Kort, wit sokkies

## TOUTREK

- Koningsblou rugbybroek
- Rugbytrui
- Seuns – rugbykouse
- Dogters - hokkiekouse

Geen sportbaadjies-, hemde, -tops, ensovoorts wat nie deel van die voorgeskrewe sportdrag is nie, word toegelaat nie.

## 7.6 ALGEMENE VOORKOMS VIR SEUNS

### 7.6.1

#### HARE

- Hare moet netjies kort geknip wees.
- Direk om die ore moet dit skoon wees – die hare mag nie die ore raak nie, ook nie die hare wat weggekam word nie.
- Die nek moet skoon geknip wees en die haarlyn mag nie die kraag raak in 'n normale staanhouding nie.
- Die hare langs die kant en agter mag nie regop gedra word nie. Die hare moet egalig skuins opgesny word sodat dit nie 'n rif langs die kant of agter vorm nie (dit moet “blend”) en langs die kante en aan die agterkant van die kop, ewe lank is. 'n “Undercut” of “English cut” word ook nie toegelaat nie.
- Die voorkop moet oop en skoon wees en die kuif mag nie die wenkbroue kan raak wanneer dit af gekam word nie, dit moet netjies en in verhouding met die ander hare wees.
- Geen onkonvensionele style soos byvoorbeeld 'n “mowhawk” of “punk” of gevlegde hare, insetsels, ens. word toegelaat nie. GEEN modegiere nie, bv. patroontjies langs die kante nie.
- Die gebruik van jel, “tease” of “wetlook” word nie toegelaat nie.
- Enige vorm van haarkleur of “high lights” word nie toegelaat nie – die matriekafskeid ingesluit.
- By oortreding van bogenoemde reëls sal die seun huis toe gestuur word om sy hare te sny en mag hy eers terugkeer skool toe indien sy voorkoms voldoen aan die skoolreëls. Die koste daaraan verbonde is vir die rekening van die leerder of sy ouer. Hy ontvang ook 'n geelkaart.
- Hierdie reëls geld ook vir spesiale dae wanneer leerders gewone klere mag aantrek asook vir sportgeleenthede.

### 7.6.2

#### BAARD

- Seuns wat skeer of baard het, moet elke dag skoon, glad en netjies geskeer wees.
- Wangbaarde (“side whiskers”) mag nie verder as die middel van die oorgat strek nie.
- Geen stoppelbaard of snorre word toegelaat nie.
- Seuns wat nie geskeer is nie, sal versoek word om by die skool te skeer en sal dan 'n geelkaart daarvoor ontvang.

### 7.6.3

#### SKOENE

- Slegs swart, gladde leer toerygskoene word toegelaat.
- Slegs voorgeskrewe skoolkouse mag gedra word.

- Skoene moet skoongemaak en gepolitoer wees.
- Geen tipe tekkies word saam met skooldrag toegelaat nie.

#### 7.6.4 HEMDE EN DASSE

- 'n Das moet te alle tye saam met langmouhemde gedra word. Die boonste knoop moet te alle tye vas wees en die dasknoop tot bo geskuif.
- Slegs voorgeskrewe skooldasse mag gedra word.
- Die moue van 'n langmouhemp mag nie in die somer opgerol word nie.
- By kortmouhemde wat sonder 'n das gedra word, mag geen deel van 'n onderhemp of T-hemp, uitsteek nie.
- Hemde moet te alle tye ingestek wees, dit mag nie omgevou word of uithang nie.

#### 7.6.5 BAADJIES EN TRUIE

- Slegs die voorgeskrewe skooltrui, oortrektrui, baadjie en matriektrui mag gedra word.
- Oortrektrui mag sonder die baadjie gedra word.
- Langmoutrui mag nie sonder 'n baadjie gedra word nie.
- Die moue van die langmoutrui of baadjie mag nie opgestoot word nie.
- Graad 12 leerders mag die matriektrui elke dag dra.
- Leerders wat erekleure verwerf het, dra die erekleure-baadjie.

#### 7.6.6 JUWELE

- Slegs polshorlosies word toegelaat, geen hangertjies, juwele of enige tipe armband, ensovoorts word toegelaat nie.
- Geen ooringetjies, -pennetjies, vislyn ("gut"), ensovoorts word in enige plek in die oor toegelaat nie.
- Geen neus-, tong-, wenkbrou- of ooringe, ensovoorts word toegelaat nie.

#### 7.6.7 LYFGORDELS

- Lyfgordels moet te alle tye by langbroeke gedra word en moet om die "middel" van die lyf vasgemaak word.
- Slegs bruin en swart lyfgordels, sonder handelsmerk gespes ("buckles") word toegelaat.

#### 7.6.8 MUSSE EN HOEDE

- Die dra van musse en hoede word nie toegelaat nie.
- Slegs die voorgeskrewe pette mag tydens sportbyeenkomste gedra word.
- Slegs navy volvinger handskoene mag saam met wintersdrag gedra word.

#### 7.6.9 NAELS

- Naels moet kort en netjies versorg wees.
- Geen naellak word toegelaat nie.

#### 7.6.10 TATOEËERMERKE

- Die dra van enige vorm van tatoeëermerke is ontoelaatbaar.
- Bestaande tatoeëermerke mag nie sigbaar wees of onder enige kledingstuk uitsteek nie.

## 7.7 ALGEMENE VOORKOMS VIR DOGTERS

### 7.7.1 HARE

- Die kuif mag nie die wenkbroue raak nie. Lang kuiwe moet netjies vasgesteek word of met 'n navy of wit "Alice band" of kopband wat nie wyer as 3 cm is nie, in posisie gehou word.
- Style wat nie volgens die reëls hanteer kan word nie, mag nie gedra word nie. Dit sluit alle onkonvensionele style in soos hare wat aan die een kant korter is, alle modegiere, ens.
- Kort hare mag nie die onderste gedeelte van die kraag raak nie. Lang hare of hare wat aan die kraag raak, moet vasgebind wees of in 'n poniestert vasgemaak word. Gewone knippies of kammetjies wat dieselfde kleur as die hare is, mag gebruik word.
- Hare aan die kante wat oor die ore hang, moet vasgesteek word. Dit geld ook vir hare aan die agterkant wat stewig vasgemaak of vasgesteek moet wees.
- Hare mag geensins in slierte of in die gesig hang nie, dit moet vasgesteek word.
- Geen haarkleure of "high lights" word vir dogters in gr. 8 tot gr. 11 toegelaat nie – die matriekafskeid ingesluit.
- Gr. 12-dogters mag "high lights" een skakering donkerder of ligter as hul haarkleur insit.
- Gekleurde hare mag nie teruggekleur word nie en moet uitgroei na natuurlike kleur; behalwe hare met "high lights" /kleurstrepe - wat dadelik teruggekleur moet word na hul natuurlike kleur. Sy ontvang ook 'n geelkaart vir hierdie oortreding.
- Hare moet natuurlik vertoon en mag nie "getease", "gejel" of 'n "wet look" hê nie.
- Insetsels mag op die volgende voorwaardes gedra word:
  - Dit moet dieselfde kleur as die natuurlike kleur wees.
  - Dit moet natuurlik vertoon en nie as insetsel sigbaar wees nie.
  - Dit mag nie as "dread locks" of toutjies gedra word nie.
  - Dit mag nie in 'n onkonvensionele styl gedra word nie. Geen modegier nie.
- By oortreding van bogenoemde reëls sal die dogters huis toe gestuur word om haar hare reg te kry en mag eers terugkeer skool toe indien haar voorkoms voldoen aan die skoolreëls. Die koste daaraan verbonde is vir die rekening van die leerder en of haar ouer.
- Hierdie reëls geld ook vir sportgeleenthede.

### 7.7.2 VASMAAKMIDDELS

- Slegs een kleur knippie, kammetjie, lint, "Alice band" of kopband wat nie wyer as 3 cm is nie, mag op 'n slag gebruik word. Die voorgekrewe kleure is:
  - Linte: Wit, navy of geel en
  - Haarknippies en –rekkies: dieselfde kleur as haarkleur.

- Kopbande: Navy en plein sonder patroontjies en kant.

### 7.7.3 JUWELE

- Slegs een ooring, -knoppie, ensovoorts word in die onderste gaatjie van die oorbel toegelaat.
- Slegs goue of silwer ringetjies of knoppies (“stud”) word toegelaat. Die ringetjies se deursnee mag nie meer as 1 cm wees nie.
- Geen seëlringe, hangertjies of enige tipe armband, ensovoorts word toegelaat nie.
- Geen neus-, tong-, wenkbrou- of oogringe, ensovoorts word toegelaat nie.
- Geen vislyn (“gut”), ensovoorts word in enige plek in die oor toegelaat nie.
- Geen juweliersware word by sportdrag toegelaat nie.

### 7.7.4 GRIMERING

- Geen tydelike of permanente grimering word toegelaat nie. Dit moet onmiddellik verwyder word.

### 7.7.5 NAELS

- Naels mag nie verby die vingerpunte steek nie.
- Geen naellak mag saam met skool- of sportdrag gedra word nie.
- Geen kunsnaels word toegelaat nie.
- Lang naels moet onmiddellik geknip word en naellak onmiddellik verwyder word.

### 7.7.6 KLEREDRAG

- Die rompies mag nie te kort wees volgens die oordeel van die voorkomshoof nie. (Riglyn: 15 cm vanaf die grond wanneer die dogter op haar knieë staan)
- Kakie dogterslangbroeke mag gedra word.
- Kort sportbroekies soos deur spesifieke sportsoorte vereis, mag slegs tydens sportoefeninge en –wedstryde gedra word.
- Fietsry- en skibroeke mag slegs met ‘n kortbroek bo-oor gedra word. Fietsrybroeke mag wel tydens wedrenne gedra word.
- Dogters moet te alle tye goeie smaak aan die dag lê en toesien dat hulle kleredrag, veral in die somer en tydens “civvie” dae, nie ‘n verleentheid skep nie.

### 7.7.7 BAADJIES EN TRUIE

- Slegs die voorgeskrewe skooltrui, oortrektrui, baadjie en matriektrui mag gedra word.
- Oortrektrui mag sonder die baadjie gedra word.
- Langmoutrui mag nie sonder ‘n baadjie gedra word nie.
- Die moue van die langmoutrui of baadjie mag nie opgestoot word nie.
- Graad 12-leerders mag die matriektrui elke dag dra.
- Leerders wat erekleure verwerf het, dra die erekleure-baadjie.

### 7.7.8 HEMDE EN DASSE

- ‘n Das moet te alle tye saam met langmouhemde gedra word. Die boonste knoop moet te alle tye vas wees en die dasknoop tot bo geskuif.
- Slegs voorgeskrewe skoordasse mag gedra word.
- Die moue van ‘n langmouhemp mag nie in die somer opgerol word nie.
- By kortmouhemde wat sonder ‘n das gedra word, mag geen deel van ‘n onderhemp of T-hemp, uitsteek nie.
- Hemde moet te alle tye ingestek wees, dit mag nie omgevou word of uithang nie.

### 7.7.9 MUSSE EN HOEDE

- Die dra van musse en hoede word nie toegelaat nie.
- Slegs die voorgeskrewe pette mag tydens sportbyeenkomste gedra word.

- Slegs navy volvinger handskoene mag saam met wintersdrag gedra word.

#### 7.7.10 SKOENE

- Slegs swart gladde leer skoolskoene met vetters of 'n bandjie oor die voet, word toegelaat.
- Slegs voorgeskrewe skoolkouse mag gedra word.
- Gedurende wintertye of koue dae mag die dogters swart kouse dra. Indien kort kousies daarmee saamgedra word, mag dit nie sigbaar wees nie.
- Skoene moet skoongemaak en gepolitoer wees.
- Geen tipe tekkies of plakkies, ensovoorts word saam met skooldrag toegelaat nie.

#### 7.7.11 TATOEËERMERKE

- Die dra van enige vorm van tatoeëermerke is ontoelaatbaar.
- Bestaande tatoeëermerke mag nie sigbaar wees of onder enige kledingstuk uitsteek nie.

### 8. VERPLIGTINGE EN ORDEREËLS TYDENS BUITEMUURSE AKTIWITEITE

DIT IS 'N VEREISTE DAT ELKE LEERDER OP EEN OF ANDER WYSE BY DIE SKOOL SE BUITEMUURSE PROGRAM BETROKKE MOET WEES.

- 8.1 Elke leerder moet aan ten minste een kultuuraktiwiteit, een somersportsoort en een wintersportsoort deelneem.
- 8.2 Wanneer 'n leerder by enige buitemuurse bedrywighede aansluit, onderwerp hy hom aan die verpligtinge en ordereëls van die bedrywigheid.
- 8.3 Vrstelling van verpligtinge kan alleenlik verkry word as betyds vooraf onderhandel word en verlot daartoe deur die betrokke afrigter verleen word.
- 8.4 Stiptelikheid by buitemuurse aktiwiteite word te alle tye van leerders verwag.
- 8.5 Leerders mag hulle nie skuldig maak aan die volgende nie: onsportiewe gedrag, ontoelaatbare spel, van die veld/baan gestuur word, 'n verleentheid vir sy/haar span/skool wees. Benewens skooldiens kan skorsing van wedstryde ook toegepas word.

### 9. GRADERING VAN OORTREDINGS AS DEEL VAN KARAKTERVORMING

**Gedragsoortredings:**

**Graad 1:**

- Beweeg nie in gange tydens klaswisseling
- Fisieke kontak / onbetaamlike gedrag
- Geen brief /oproep met afwesigheid
- Graffiti op liggaam / klere / tas

- Handboeke verniel
  - In kleedkamers sonder toestemming
  - Kougom op skoolterrein
  - Laat vir klasse / skool
  - Nie opgedaag vir oefening
  - Nie-nakoming van admin-take
  - Oortree basiese klaskamerreëls
  - Op verbode terreine / areas
  - Raas met klaswisseling
  - Reël oor selfoon- / oudio-visuele apparaat oortree
  - Rommelstrooi
  - Steurnis tydens saalbyeenkomste / afkondigings
  - Voorkoms nie korrek
- Enige ander soortgelyke oortreding

## **Graad 2:**

- Arrogansie
  - Baklei / gevaarlike spele
  - Dreigemente
  - Graffiti op skool- / ander se eiendom
  - Nie opgedaag vir wedstryde
  - Ongemagtigde gebruik van skool-eiendom
  - Ontwrigtende gedrag
  - Opstokery
  - Peuter met ander se eiendom
  - Rook of sigarette/tabak besit, hanteer, gebruik
  - Selfaangedrewe voertuie sonder toestemming op terrein bestuur
  - Stokkiesdraai
  - Vloektaal
  - Weiering om opdragte uit te voer
- Enige ander soortgelyke oortreding

## **Graad 3:**

- Aanranding
- Alkohol, onwettige dwelms, sigarette/tabak besit, hanteer, gebruik, verhandel
- Bendebedrywighede
- Blatante ondermyning / uitdaging van gesag
- Bomdreigemente
- Brandstigting
- Diefstal
- Gevaarlike voorwerpe besit, hanteer, gebruik, verhandel
- Inbraak
- Inlywing / "doop" / oriëntering



- Kriminele oortredings
  - Moord
  - Naamskending
  - Oneerlikheid
  - Pornografie
  - Rassistiese taal
  - Satanisme
  - Seksuele teistering / wandade
  - Smokkel
  - Vandalisme
- Enige ander soortgelyke oortreding

#### 10. DEURSOEKING, BESLAGLEGGING, TOETSING: GEVAARLIKE VOORWERPE EN ONWETTIGE DWELMMIDDELS

Ter wille van leerders se veiligheid gee die wet toestemming dat bogenoemde gedoen mag word. Die skool handel streng volgens die 2007-invoeging van artikel 8A in Wet 84 van 1996 en die gestipuleerde protokol.

#### 11. VEREISTES VIR INTERVENSIES / SANKSIES

- Doelmatigheid / sinvolheid
- Billikheid
- Regverdigheid
- Redelikheid
- Wetlike toelaatbaarheid
- Inagneming van ouderdom en psigiese en fisieke toestand van die leerder
- Bewyse van intervensie moet altyd beskikbaar wees
- Ouer moet ingelig wees

#### 12. PROSEDURE: GEELKAART, “ROOIKAAART” EN SKOOLDIENS

Die doel van die skool se gedragskode is om by te dra tot positiewe karaktervorming.

- 12.1 Onderskeid word tussen gedragsoortredings, akademiese nalatigheid en akademiese oortredings maak.
- Akademiese sanksies moet bydra tot bevordering van leer en onderrig.
  - Sanksies teen gedragsverwante oortredings moet remidiërend/korrektief van aard wees.
- 12.2 Ouers word deur middel van 'n sms in kennis gestel van alle akademies verwante oortredings. In alle gevalle is die leerder verplig om dieselfde dag na skool tot 14:30 bly. Geen verskoning om vrygestel te word van die verpligte intervensieklas, word aanvaar nie.
- 12.3 Gedragsverwante oortredings word soos volg hanteer:
- Vir **graad 1- of 2-gedragsoortredings** ontvang die leerder 'n geelkaart.
  - Leerders ontvang SKOOLDIENS wanneer hy/sy:
    - DRIE geelkaarte vir **graad 1**-oortredings ontvang het of
    - EEN geelkaart vir 'n **graad 2**-oortreding ontvang het.

- Vir 'n graad 3-oortreding ontvang 'n leerder 'n rooikaart en verskyn hy/sy direk saam met sy/haar ouers voor die dissiplinêre komitee van die SBL, met die oog op ernstige intervensie soos berading/skorsing/uitsetting, ens.
- Skooldiens:
  - Leerders word besig gehou met skoonmaak-aktiwiteite (bv. Banke skuur, vloere of vensters was, vee, hark, rommel optel, onkruid uittrek, ens.) Take word deur die dissiplinêre hoof bepaal.
  - Gedurende eksamentye moet leerders boeke saambring aangesien skooldiens dan die vorm van studie (2 ure vanaf direk na skool) aanneem.
  - Die graadhoof sal ouers telefonies skakel as sy/haar kind 'n **TWEEDE** skooldiens ontvang.
  - Die graadhoof sal die dissiplinêre hoof inlig sodra 'n leerder 'n **DERDE** skooldiens ontvang het en
  - Die graadhoof reël dan telefonies, opgevolg met 'n standaardbrief – vir 'n dissiplinêre vergadering. Dit vind in die skoolhoof se kantoor plaas en die skoolhoof, dissiplinêre hoof en graadhoof vergader dan met die leerder en sy/haar ouers.

12.4 **Vrydae** gaan die graadhoof sy/haar pakkie geelkaarte deur en as 'n leerder:

- DRIE geelkaarte vir **graad 1**-oortredings het, of
- EEN geelkaart vir 'n **graad 2**-oortreding het,

voltooi die graadhoof vir daardie leerder 'n **Skooldiensbrief**. (Die geelkaarte word agteraan die Skooldiensbrief deur die Graadhoof vasgekram).

- 12.5 Graadhoofde maak dan **afskrifte van** al sy/haar graad se Skooldiensbriewe en deel hierdie afskrifte **Vrydagmiddag** aan die betrokke leerders uit.
- 12.6 Die oorspronklike skooldiensbrief (met gekramde geelkaarte) word in die Skooldienslêer geplaas. Graadhoofde moet 'n lysie van hul betrokke graad se leerders wat op skooldiens is, bo-op sy graad se skooldiensvorms invoeg.
- 12.7 Die leerder en sy/haar ouer moet die afskrif teken en dit **Maandag-oggend by rye** of tydens die registerperiode, aan die graadhoof terugbesorg. (Graadhoofde maak seker dat handtekeninge nie vervals is nie.)
- 12.8 Die Graadhoof kram Maandag, gedurende die 1ste pouse die getekende kopie van elke leerder bo op die oorspronklike vas.

Ter wille van beheerbare getalle vind skooldiens plaas op bykans elke tweede **Maandagmiddag** vanaf direk na skool tot 16:00.

- Skooldiens kry voorkeur en daarom moet diegene wat buitemuurse verpligtinge het die vorige Vrydag onmiddellik as hy/sy die skooldiensvorm kry, by laasgenoemde se afrigters(s) verskoning maak.
- Die dissiplinêre hoof is verantwoordelik vir die Skooldiens-toesigrooster.
- Personeel op skooldiens neem Maandagmiddag hierdie lêer en laat die leerders na afloop van Skooldiens teken, en plaas die lêer Dinsdagoggend terug in personeelkamer.
- Graadhoofde moet **Dinsdae** afgehandelde skooldiensvorms uithaal en liasseer in sy/haar graad se **Karaktervormingslêer**. Hy/sy teken ook alle skooldiensbriewe op **Gedragintervensie-register (klaslys vir elke klas in sy/haar graad)** in hierdie **Karaktervorming-lêer** aan.

## 13. DISSIPLINÊRE VERGADERINGS EN -VERHORE

Die skool het – danksy elke graad se **Gedragintervensie-register** ‘n volledige beeld van al die oortredings.

- Die graadhoof sal ouers telefonies skakel as sy/haar kind ‘n **TWEEDE** skooldiens ontvang.
- Die graadhoof sal die dissiplinêre hoof inlig sodra ‘n leerder ‘n **DERDE** skooldiens ontvang het.
- Die graadhoof reël dan telefonies – en dan opgevolg met ‘n standaardbrief – vir ‘n **dissiplinêre vergadering**. Dit vind in die skoolhoof se kantoor plaas en die skoolhoof, dissiplinêre hoof en graadhoof vergader dan met die leerder en sy/haar ouers.

Die dissiplinêre hoof en skoolhoof sal die leerder en sy/haar ouer skriftelik versoek om vir ‘n **dissiplinêre verhoor** voor die **dissiplinêre komitee van die SBL** te verskyn, met oog op ernstige intervensie soos berading/skorsing/uitsetting na:

- i. ‘n verdere skooldiens na ‘n **dissiplinêre vergadering**, of
- ii. In geval van ‘n **graad 3**-gedragsoortreding

Ten einde ‘n billike verhoor te verseker, sal die basiese ondersoek-, aanklag en strafprosedure soos teenwoordig by ‘n dissiplinêre verhoor, geld. Die leerder sal ook ingelig word van strukture vir berading en aangeraai word om daarvan gebruik te maak.

13.1 Indien die leerder skuld op die klag van wangedrag ontken of verkies om nie op die klag van wangedrag te reageer nie, of tensy ‘n redelike verduideliking voorsien word wat nie verdere optrede regverdig nie, moet ‘n dissiplinêre komitee onverwyld, met die oog op ‘n dissiplinêre verhoor, deur die Beheerliggaam, op die wyse soos in die regulasies voorgeskryf, saamgestel word. Die Dissiplinêre Komitee moet uiteindelik, op ‘n oorwig van waarskynlikhede, beslis of die leerder hom of haar aan wangedrag, soos aangekla, skuldig gemaak het.

13.2 Die Dissiplinêre Komitee bestaan uit ten minste vyf (5) persone waarvan drie (3) persone op die Beheerliggaam moet dien. Die voorsitter van die Dissiplinêre Komitee mag nie ‘n werknemer of lid van die skoolpersoneel wees nie. Die oorblywende lede kan ook lede van die Beheerliggaam wees of persone wat kwalifiseer om as lede van die Beheerliggaam verkies te word, met dien verstande dat die Hoof of ‘n leerder, nie deel van die Dissiplinêre Komitee mag wees nie. ‘n Persoon wat persoonlike kennis het van, of ‘n persoonlike belang het by enige aangeleentheid wat voor die Dissiplinêre Komitee gaan dien, mag ook nie as lid van die Dissiplinêre Komitee aangewys word nie.

## **14. PROSEDURE MET DISSIPLINÊRE VERHOOR**

Die prosedure met betrekking tot dissiplinêre verhore, soos voorgeskryf deur die regulasies, moet streng nagekom word.

14.1 Dit behels, onder andere, dat enige leerder wat van ernstige wangedrag aangekla word, wat tot skorsing van skoolbywoning, as ‘n korrektiewe maatreël vir hoogstens sewe dae, of uitsetting kan lei, op ‘n billike verhoor, ingevolge artikel 9 van die Nasionale Wet, geregtig is. Gedurende die verhoor moet getuienis onder eed of bevestiging afgelê word. Met die oog op ‘n dissiplinêre verhoor sal die leerder:

- ten minste vyf dae voor die tyd deur die Hoof ingelig word oor die aanklag, waarvan skriftelike kennis op die voorgeskrewe wyse moet geskied, wat ook die datum, tyd en plek van die verhoor moet aandui en daar moet verseker word dat die leerder die aanklag(te) en sy/haar regte verstaan.
- voldoende besonderhede rakende die datum, plek en aard van die beweerde wangedrag ontvang, waartoe hy of sy ingevolge die regulasies geregtig is, ten einde behoorlik vir die verhoor te kan voorberei.

- die geleentheid gebied word om aangehoor te word en sy of haar kant van die saak te stel en om die tersaaklike feite voor te dra.
- op verteenwoordiging geregtig te wees en moet die leerder tydens die verhoor deur ten minste een van sy ouers of 'n voog bygestaan word.
- deur 'n onpartydige dissiplinêre komitee aangehoor word.
- met waardigheid tydens die proses behandel word.
- na die verhoor skriftelik van die besluit van die Beheerliggaam met vermelding van redes, in kennis gestel word asook van die sanksie wat opgelê is, indien die leerder aan ernstige wangedrag skuldig bevind is.

- 14.2 Die dissiplinêre komitee moet 'n volledige rekord van die verrigtinge aan die Hoof beskikbaar stel. Indien die dissiplinêre komitee uitsetting as die gepaste optrede aanbeveel, moet die Hoof, op versoek van die dissiplinêre komitee, die Departementshoof van die WKOD skriftelik daarvan in kennis stel. Die Departementshoof kan die dissiplinêre komitee se aanbeveling van uitsetting bekragtig of 'n ligter straf soos toegelaat deur die skool se kode, oplê of die leerder weens wangedrag onskuldig bevind. Indien die Departementshoof die dissiplinêre komitee se aanbeveling van uitsetting bekragtig, kan die leerder en sy/haar ouer teen sodanige beslissing by die betrokke lid van die Uitvoerende Raad appèl aanteken.
- 14.3 'n Leerder mag slegs, met inagneming van die toepaslike voorskrifte, deur die Departementshoof permanent uit die skool gesit word.

## 15. SLOT

### BEKENDSTELLING, WYSIGING EN AFWYKING VAN DIE KODE

Die kode moet aan elke ouer, leerder en opvoeder vir kennisname voorsien word. Met uitsondering van aanpassings wat weens wetswysigings noodsaaklik en onvermydelik is, sal enige ander wysigings aan die kode slegs na raadpleging met die ouers, opvoeders en leerders geskied, indien wysigings die inhoud van die kode wesenlik raak. Die Departementshoof is ook by magte om, in buitengewone omstandighede, af te wyk van die vereiste dat skorsing en uitsetting van 'n leerder slegs ten opsigte van ernstige wangedrag mag plaasvind.

Die gedragskode word deur die SBL – dus verteenwoordigers van die ouers, onderwysers en leerders – goedgekeur. Dis in belang van al hierdie partye dat die gedragskode nougeset toegepas word.

Mag ons leerders geken word vir hul **INTEGRITEIT, RESPEK, EERLIKHEID, SELFDISSIPLINE, LOJALITEIT, OMGEE en TROTS.**

**Bogenoemde gedragskode is goedgekeur deur die Beheerliggaam van  
Hoërskool Montana**